Donderdag 25 Junie
Skrifgedeelte: Filemon 1-25
Fokusgedeelte: Filemon 15-16

## God se genade maak gelowiges één oor grense heen

Paulus se brief aan Filemon is nie net sy kortste brief nie, maar dis ook sy enigste brief wat aan 'n individu (buiten 'n predikant) gerig is. Filemon was 'n vername Christen in die stad Kolosse. Een van sy slawe, genaamd Onesimus, het by hom gesteel en toe weggehardloop. Onesimus het toe by Paulus in Rome uitgekom, en deur Paulus se bediening het hy tot bekering gekom. Nou stuur Paulus hom terug na Filemon, vergesel met hierdie brief wat verduidelik wat gebeur het, en by Filemon vir Onesimus pleit. In hierdie brief openbaar die Here:

## Al ons aardse verhoudings word oorskadu deur ons broederskap in Christus

Ná alles wat Filemon deurgemaak het, pleit Paulus vir die skokkende: Ontvang Onesimus terug, *"nou nie langer net as 'n slaaf nie, maar meer as 'n slaaf: as 'n geliefde broer"*! Hoe kon Paulus dit verwag? Die antwoord is baie eenvoudig: die feit dat beide nou *gelowiges* is, maak die verskil. Deur die geloof in Christus is Filemon en Onesimus nou deel van dieselfde gesin van God – hulle is broers in Christus. Hulle is gelyk voor God. Daarom is die eienaar-slaafverhouding radikaal verander. God se genade maak gelowiges één oor grense heen.
In die wyse waarop Paulus met Filemon praat hoor ons ook indirek:

## Gelowiges moet altyd met takt optree

Takt is 'n *"fyn gevoel vir wat wat passend is, vir wat in 'n bepaalde situasie die regte optrede is"* (HAT). Uit Paulus se brief aan Filemon en verskeie ander voorbeelde in die Skrif leer ons dat wanneer ons met mense praat, ons altyd met takt moet optree – soveel te meer in sensitiewe situasies, en veral wanneer ons die evangelie verkondig.

*Sing: Psalm 133–2:1, 2*
*Prof. AJ (Albert) Coetsee (TSP)*